

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteeek van die kerse

Woorddiens

Tema: Kersseisoen as Onthoutyd! Goed of sleg?

Skriflesing: Psalm 25

Broodjies vir die pad

Sela

Die see gee nie meer vis nie, meneer
nou sit ons net hier rond
en wag,
die boot
die skippers
die crew
hier langs die witgekalkte huisies
met die kat op die stoof
die vrou wat moan
en die kinders wat nie verstaan nie.

Ons het nog net die view oor, meneer
befokte view, amper paradiese,
maar om die view regtig te appreciate
het jy 'n maag, met ietsie in nodig, meneer
maar hulle praat van ons moet skuif
die developers wil hierdie strand afkamp
hekke en booms,
controlled access,
right of admission reserved
amper soos in die ou dae,
maar nou tel die kleur nie meer
dit is die geld wat tel, meneer
jy het of jy het nie.

Here, meneer,
kyk hoe mooi skuimwit boggel hy daar
daardie brander,
elke oggend staan ons op
maar selfs die bietjie vis
kan ons nie hoek nie, meneer
want ons het 'n permit nodig
om te mag nette gooi, meneer.

'n Minister was self hier
laas jaar,
met drie body guards
blink van kar
rond van figuur,
met 'n stywe blink suit,
vensters getint

wat die mense buite hou, weg hou
stakeholders meetings, meneer
met al die interested en al die affected parties, meneer
was alles Engels, meneer
boring speeches en empty promises
permits vir buddies en vriende van dooie stalwarts
talk is so damn cheap, meneer.

Om te dink, meneer
die visser kom al lankal aan
daar uit die Bybel se tyd
al daai dissipels
hulle was manne wat die waters kon lees
weet wanneer die tides kom en gaan,
die sout van die aarde
wat kon bid as die storms op die rowwe waters
dreig.

Nou sit ons hier, meneer
en die wind, die wind
hy waai net waar hy wil
en die see, die see
is 'n baie ou vrou
met 'n dooie droë baar, meneer.

© Clinton V. du Plessis / 2015



Verklaring deur die NG gemeente Pinelands rakende die besluite van die ASM 16-18 November 2015

Ons, die NG gemeente van Pinelands, spreek ons sterkste teenkanting uit teenoor dit wat tans in die besluitnemingstrukture van die kerk aan die gebeur is. Ons beskou die besluite wat by die AS Oktober 2015 geneem is tov:

1. die Wes-en-Suid-Kaapland se insluiting van die Belydenis van Belhar as vierde belydenisskrif op gelyke vlak as die ander drie, asook
2. die onvoorwaardelike aanvaarding van gays en hul burgerlike bevestiging in selfdegeslagverhoudinge van liefde en trou én hul toetrede tot die amp as predikante van die kerk sonder die voorwaarde om enige uitdrukking van hul menswees en seksualiteit te onderdruk (die term "selibaat" uit die Katolieke tradisie pas hoegenaamd nie hier nie, veral nie in ons Gereformeerde woordeskat nie),

as evangeliese besluite wat binne die sfeer van die wil van God geneem is.

Ons kan ons nie vereenselwig met die jongste besluite van die ASM, om eers te wag met die toepassing/uitvoering van hierdie besluite, totdat die appèlle daarteen eers by 'n volgende Algemene Sinode (oor twee jaar?) hanteer word nie. Dat hierdie appèlle, wat op geen manier 'n uitdrukking van die Evangelie van Jesus Christus kan wees nie, nou voorrang kan geniet bo die besluite van die Algemene Sinode oor die volle aanvaarding van gays (mense as

mense), is opnuut 'n gruwelike aantasting van hulle menswaardigheid – en daarom God-onterend.

In ons gemeente is álmal ewe welkom om as gelowiges die roeping wat hulle van God ontvang het, heelhartig uit te leef – of dit nou is om as lidmaat, kerkraadslid, predikant of in enige ander leidinggewende rol die gemeente en die gemeenskap tot diens te wees. In die oë van ons gemeente, is álmal op álle vlakke Godwaardig, ongeag hul geslag, ras, seksuele oriëntasie of watter onderskeide daar ookal sou kon wees wat in die verlede skeiding gebring het, of in die hede, of in die toekoms dreig om skeiding te bring.

Ons weier om teen mense te diskrimineer omdat hulle anders is as ons. Ons verwelkom diversiteit – een liggaam met baie verskillende dele. Ons akkommodeer nie (asof ons moet agteroor buig) mense wat anders is as ons nie, ons omhels hulle.

Dit geld ook diegene wat nie in hierdie saak met ons saamstem nie – ons betoon dieselfde liefde en aanvaarding teenoor hulle.

Gays is nie mense, maar (ongelukkig) gay nie. Hulle is mense, en besonderse mense, unieke mense, mense wat ons leer dat liefde ook anders kan lyk, veelsoortig en veelkleurig kan wees, as wat ons gedink het wat die norm is.

Ons beskou ons gay gelegitimeerde broers en susters wat graag tot die bediening wil toetree, as mede-predikante in diens van die Here en sy kerk, ongeag of hulle deur die kerklike liggaam toegelaat word om hierdie titel te dra of nie. Ons is geroep om in alles aan die Here gehoorsaam te wees, en dit is hoe ons Sy evangeliese boodskap van liefde, hoop en bevryding interpreteer.

Alhoewel ons nie tans binne die NGK oor die “kerklike reg” beskik om burgerlike verbintenisse tussen gay paartjies te voltrek nie, is ons dankbaar dat ander mense dit wel mag doen, ondersteun ons hierdie verbintenisse, moedig ons dit aan, en bid ons die Here se seën daarop af.

Ons sal nooit vir enige bedienaar van die Woord uitvra (of ondervra) oor die uitlewing van sy of haar seksualiteit voordat ons hulle toelaat om in ons gemeente die Woord te bedien nie – dus ook nie gays nie. Ons wil hê dat alle mense binne hul intiemste verhoudinge hul seksualiteit met Christelik-etiese norme sal utoelief. Alle lidmate van die kerk is eweneens daartoe geroep. Daarom is ons gebed dat ons almal, ongeag ons seksuele oriëntasie, in ons verhoudinge van liefde en trou sal groei, dat die familie-strukture wat ons binne hierdie verhoudinge vestig sal gedy, en dat ons vreugde, vrede en vervulling in ons lewens sal beleef ten spyte van die onvrede wat daar binne die NGK heers oor sommige mense se seksuele identiteit en oriëntasie.

Ons is jammer oor die diepe seer wat die NGK met hierdie besluite mense aandoen – nie net die gays nie, maar ook hul ouers, hulle broers en susters, hulle kinders!, en hul breër familie- en vriendekring. Ons as gemeente distansieer onself van hierdie geweld wat die NGK, maar ook die breër Christelike gemeenskap, mense aandoen. Ons gaan staan langs die gays, tussen hulle, as deel van hulle, verklaar onself solidêr met hulle. Hulle is ons mense; wie hulle verder wil seermaak, maak daarom vir ons ook seer.

<http://www.pinelandsngkerk.org/>

Brood vir die pad

Dankie, Ouma! Só gepraat van erfenis

Dirkie Smit

Dit pla hom dat ons al hoe verder van ons oumas af weg beweeg, sê Nassim Nicholas Taleb. Nou is hy moedswillig en sê dit om min of meer álmal kwaad te maak – alle sogenaamde kenners, boek-geleerdes, joernaliste, kommentators, opinie-makers, politici, beleggers, kortom, al dié van wie hy glo dat hulle dink dat hulle iets verstaan van die lewe, maar eintlik dwase is, wat ons ander soos kalkoene help voer vir ons dag van slagting. Hulle weet almal veel minder van die lewe as ons oumas wat, glo hy, deur jarelange ervaring geléér het, soms pynlik aan eie lyf. Hulle kastige kundigheid is veel minder werd as die diepe wysheid in ons tradisies opgesluit, in ons gemeenskaplike erfenis, die ondervinding van jare, nog lewend in ons oumas.

Dié kastige kundiges wil ons beskerm teen die lewe, sê hy, ons beveilig teen risiko's, die onvoorspelbare en onverwagse, die skok en die skrik van die skielike, maar ons oumas wéét hoe om om te gaan met die lewe se onstuimighede, hoe om buigsaam te wees, aanpasbaar, te groei, béter, héler, stérker, gróóter anderkant uit te kom. Oumas is lewende bewyse van “evolusionêre epistemologie”, sê hy, daarvan dat ons kennis en vaardighede groei met die skok van die jare en die skrik van die tyd. Oumas is antifrágile, sê hy, in sy boek met dié titel, soepel, buigsaam, aanpasbaar, by magte om onverwagse teëspoed te hanteer en gróter en rýker en wýser anderkant uit te kom. Die kastige kundiges – wat hulself (en kastig óns ook!) by voorbaat wil beskerm teen alle moontlike risiko's – sou daarvoor véél meer moes weet as wat hulle inderwaarheid weet, sodat hulle ná die rampe (wat hulle nie sien kom het nie) altyd weer voorgee dat hulle dit wél voorsien en voorspel het en ander beskuldig dat hulle dit in eintlik óók moes kon sien kom.

Oumas gee nie voor dat hulle alles weet nie. Maar hulle weet wel hoe om met die skok en die skrik om te gaan en stérker te word. Oumas is nie bang vir die tyd, vir wat nog voorlê nie. Breekbare mense is bang vir die tyd, want met verloop van tyd breek alles, sê Taleb. Wie bang is vir breek is daarom besorg oor môre, bang vir wat mag kom, sê hy. Hoe meer tyd, hoe meer (kan) gebeur, hoe meer chaos (ontstaan), hoe meer (heers) besorgdheid. Maar oumas gee nie om nie, hulle het al geleer, uit eie ervaring. Met tyd kom raad. Môre is 'n nuwe dag. Tyd genees alle wonde. Die wêreldbeker word nie in September gewen nie, sê 'n kollega.

Erfenis kom ook in die vorm van tradisies en tradisies kom ook in die vorm van oumas. Dis dikwels verbasend – selfs méér, aandóénlik, ontróérend – om ons studente oor hulle eie lewe te hoor praat en oor die rol van oumas in hulle verhale. Vele sê rondit dat hulle nooit sou wees wie en wat hulle vandag is indien dit nie vir 'n ouma iewers was nie. Taleb mag dalk verras wees om te hoor dat oumas níé oral so min waardeer word as wat hy sê nie. Maar dan weer, sy aanspraak is juis dat selfs die grootste verrassings hom nie verras nie. Dalk kry hy dit by sy ouma?

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/Geestelike-waardes-Dankie-Ouma-So-gepraat-van-erfenis-20150926>

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877